



**Newsletter No. 1, August 2012 -\* - Nuusbrief No. 1, Augustus 2012**

**A word from Leon**

At last receive herewith the first OVRYCMA newsletter for 2012. After taking over the chairmanship of OVRYCMA during 2011 it has taken me some time to get all things sorted out and to get OVRYCMA up and running. Since been appointed as Ichthyologist in the Free State Department of Economic Development, Tourism and Environmental Affairs (FS DETEA) during 2011, it has been a challenge to sort out all things pertaining to freshwater fish research in the Province, especially due to the fact that the Ichthyologist's post was vacant for more than six years. Despite leaving the Department six years ago, Pierre de Villiers, my predecessor, still continued managing OVRYCMA from the Western Cape and I think we all need to thank him for his commitment and hard work and for using his own money and time to keep OVRYCMA going.

Die winter is amper verby and ek staan verstom oor hoe vinning die jaar verby snel. Baie van julle is seker al besig om julle stokke en visgerei af te stof en gereed te kry vir die warmer weer en hopelik 'n opwindende visvang seisoen. As gevolg van die verwarring oor die korrekte hengelregulasies wat Geelvis aanbetref, het ek 'n in diepte ondersoek oor wat die korrekte regulasies is, gedoen. Lees meer hieroor in hierdie nuusbrief. As julle die "**Stywe Lyne**" tydskrif koop, het julle seker in die April uitgawe die berig van Eben Dowd oor die geelvisse wat in Sterkfonteindam bedreig word, gelees. As gevolg van wye reaksie op die artikel van veral vlieg hengelaars, is 'n vergadering met all belanghebbendes en rolspelers op Donderdag, 19 Julie 2012 by Sterkfonteindam gehou. Dit was by tye 'n lekker "warm" vergadering met mense wat nie oor alles saamgestem het nie, maar die hoof uitkomst van die vergadering word in die nuusbrief opgesom.

This time of the year, from about August till late September, early October, is also the so called "fish kill" season and last year this time, my office was inundated with reports of fish kills from all over the Free State. Reports reached my office of "thousands" of fish that died in the Eastern Free State and as a good Ichthyologist, I got in my car and drove hundreds of kilometers to inspect the reported fish kills, just to arrive at the reported sites to find only a few dead fish, in many cases mostly Moggel, that was already dead for weeks with only a very small number of dead Yellowfish. In this newsletter I will give some guidelines on how and when to report fish kills.

Earlier this year and mostly during the previous rainy season, I have received numerous reports of illegal fishing of Yellowfish by local community members that used illegal fishing methods like casting nets, gill nets and jigging. All these cases has been reported to the Environmental Management Inspectors in the FS DETEA and a major covert operation in cooperation with the South African Police Service was done at the Wilger River near Frankfort, the hotspot for illegal fishing in the Eastern Free State. Read more about this in the report from Herman Jordaan.

Onthou OVRYCMA is daar vir julle as Geelvisvlieg hengelaars en almal wat geelvisse se belange op die hart dra. Vir toekomstige uitgawes van die nuusbrief is enige artikels en bydraes meer as welkom. Hierdie is die eerste nuusbrief in jare en hopelik kan ons saam daaraan werk en dit tot 'n mondstuk vir alle Geelvisvlieg hengelaars en belangstellendes uitbou! Geniet hierdie nuusbrief en ek hoor graag van julle!

## Regulasies van toepassing op die vang en vrylaat van Geelvis in die Vrystaat

Die Natuurbewarings Regulasies soos gepubliseer onder die Administrateur se Kennisgewing 184 van 12 Augustus 1983 laat toe dat 'n persoon 10 **Kleinbekgeelvisse** wat langer as 45 cm (*virklengte word aanbeveel*) is per dag mag vang en hou. Alle **Kleinbekgeelvisse** korter as 45 cm virklengte moet onmiddellik in die water teruggeplaas word.

*Let asseblief daarop dat die inligting op die Vrystaat Hengellisensie nie korrek is nie.*



Volgens die Nasionale Omgewingsbestuurs: Biodiversiteit Wet van 2004 is die **Grootbekgeelvis** as 'n Bedreigde of Beskermd spesie gelys onder die **Kategorie: Kwesbare spesie**. Dit is 'n inheemse spesie wat 'n hoë risiko van uitsterwing in die natuur in die medium termyn in die gesig staar hoewel die spesie nie krities bedreig is nie. As gevolg hiervan mag geen **Grootbekgeelvis** van enige grootte gehou of doodgemaak word nie maar dit moet onmiddellik in die water waar dit

gevang is, teruggeplaas word. Indien dit nie gedoen word nie kan 'n hoë boete opgelê word.

Alhoewel dit wettig is om **Kleinbekgeelvisse** te vang en te hou, word daar aanbeveel dat **ALLE Kleinbekgeelvisse** wat gevang word, ook onmiddellik in die water teruggeplaas word. Die redes hiervoor is omdat die **Kleinbekgeelvis** en **Grootbekgeelvis** baie eenders lyk wat dit soms moeilik maak om tussen die twee soorte te onderskei. Beide soorte groei baie stadig en bereik eers na vier tot agt jaar geslagsrypheid. Indien 'n hengelaar wel **Kleinbekgeelvisse** langer as 45 cm wil hou, word daar aanbeveel dat **SLEGS 2** gehou mag word. Ongelukkig verskil die regulasies rondom die vang en hou van Kleinbekgeelvis tussen die Provinsies (Noordwes, Noord Kaap, Gauteng, Mpumalanga, Oos Kaap, Vrystaat) met mekaar maar hopelik sal ons eendag 'n punt bereik waar uniforme regulasies sal geld.

\*\*\*\*\*

## Yellowfish threatened in Sterkfontein Dam!

In the April 2012 issue of "**Stywe Lyne**", an article written by Eben Down appeared about Yellowfish been threatened at Sterkfontein Dam. Due to wide reaction from mostly fly fishers, a broad based meeting was held on Thursday, 19 July 2012 at Sterkfontein Dam to discuss amongst others the issues raised by Eben in his article. The meeting was chaired by Leon who informed all present that the FS DETEA would like to see the matters that were raised and that will be raised during the meeting, be addressed as soon as possible. The meeting was attended by the following people: P. Fihlo, J.J. Joubert, A. Schlemmer and L. Barkhuizen from the FS DETEA; A. Burger, Fly Fishers Outfitter; D. Weaver, Zenzak Charters; H. van Zyl, local fly fisher; E. Dowd and E. Kriel from Stywe Lyne; D. de Klerk, Sterkies Experience and M. Hayes, South African Police Service, and 13 apologies were received from people that were unable to attend.

During the meeting the participants listed all the issues pertaining to the conservation and protection of Yellowfish at Sterkfontein Dam, as well as the threats and current problems been experienced. Before the discussion started, D. Weaver pointed out that all should take note that fly fishers are Nature Conservation's allies and conservation orientated individuals, committed to the conservation and protection of Yellowfish and the environment.

After the listing of the problems/issues and discussions, similar points were grouped together and the final issues, problems or threats to Yellowfish at Sterkfontein Dam that were identified, are:

- (i) The fluctuation of water levels, especially during the spawning season.
- (ii) Poaching in the streams.
- (iii) Black bass – the long term effect.
- (iv) Alien species (Grass carp present in Spioenkop Dam) and possible translocation of this species.
- (v) Commercial harvesting of Yellowfish.
- (vi) Walking on banks and through spawning beds / disruption of spawning fish.
- (vii) Bank anglers, boat anglers = "stywe lyne" anglers not aware of the threats to Yellowfish and correct methods of handling Yellowfish.
- (viii) Lack of policing/no action from Nature Conservation re selling of fish.
- (ix) Angling competitions.

For each of the problems or issues that were listed, an action plan was developed with set time frames. One of the main proposed outcomes of the meeting is to establish an Eastern Free State Chapter for OVRICMA and it is hoped that the founding meeting for this Chapter will take place before the end of 2012. During this founding meeting to be held, the progress of the action plans will be reported on to ensure the effective conservation and management of Yellowfish in Sterkfontein Dam.

***If you are interested to receive the complete minutes of the meeting that was held on 19 July 2012 at Sterkfontein Dam, go to [http://www.fosaf.co.za/documents/Minutes\\_yellowfish\\_Sterkfontein\\_July\\_2012.pdf](http://www.fosaf.co.za/documents/Minutes_yellowfish_Sterkfontein_July_2012.pdf) on the FOSAF website.***

\*\*\*\*\*

### **Illegal fishing and subsequent Law Enforcement action at the Wilger River near Frankfort**

Due to a large number of complaints regarding the illegal catching of Yellowfish in the Wilger River at Frankfort, a major cohort operation by the Environmental Management Inspectorate from the FS DETEA in cooperation with the South African Police Service and Water Wing of the SAPS was held from 14 till 18 March 2012.

Patrols were done by boat on the Wilger River as well as foot patrols next to the river bank. Nearly 60 law enforcement officials participated in the operation and more than 100 km of the river was patrolled. During the patrols no gill nets were found but only three set lines and one broken fish cage.

Three anglers were caught and taken to court and fined for the illegal catching of Yellowfish. A second cohort operation is been planned for the area from the Vaal Dam to Schoemansdrift but due to obvious reasons the exact date and times cannot be given.

A special word of thanks to Herman Jordaan from the FS DETEA for organising and coordinating this operation and for supporting Yellowfish conservation in the Free State.

Remember to report any illegal fishing activities, major water pollution events and fish kills to any of the following Environmental Law Enforcement or Water Affairs offices in the different Provinces:

	<b>Free State</b>	<b>North West</b>	<b>Gauteng</b>	<b>Northern Cape</b>
Environmental Law Enforcement	051 400 9535	082 331 9759	011 355 1440	079 496 4146
Water Affairs	051 405 9000	053 836 7600	012 392 1300	053 836 7600

**Crime Against the Environment Hotline Number: 0800 205 005 or [environment@tip-off.com](mailto:environment@tip-off.com)  
Water related transgressions: 012 336 8393 or [adamsn@dwa.gov.za](mailto:adamsn@dwa.gov.za)**

\*\*\*\*\*

### **Visvrektes – hoekom en wat kan gedoen word?**

As gevolg van die oorgang van die seisoene en water temperature wat die volgende paar weke baie kan fluktureer as gevolg van warmer dae met moontlike koue fronte nog oppad wat die water baie vinnig kan afkoel, is ons nou binne die “vis-vrekte” seisoen. Verlede jaar vanaf Augustus tot middel Oktober het ek verskeie verslae van bekommerde boere en hengelaars ontvang oor visse wat vrek of gevrek het. So ver moontlik het ek al die lokaliteite waar visvrektes voorgekom het, besoek en ondersoek gaan instel en al wat ek meestal gevind het, was visse in ‘n baie gevorderde stadium van ontbinding, of droë, uitgedroogde “bokkoms” wat al weke tevore gevrek het en op die oewer gelê het. Om visvrektes te verstaan moet die volgende in gedagte gehou word.

Natuurlike oorsake van visvrektes is as gevolg van parasiete en siektes, ouderdom, lae suurstof konsentrasie in die water, alg opbloeie wat die water kan vergiftig (bv. blougroenalge), skielike temperatuur veranderinge in die water, baie hoë water temperature wat tot ‘n verlaagde suurstof konsentrasie in die water lei, gebrek aan genoegsame kos, roofdiere ens. Die grootste visvrektes word gewoonlik deur menslike toedoen veroorsaak soos stukkende rioolsuiwerings aanlegte wat veroorsaak dat rou riool direk in damme en riviere inloop, die storting van landbou en mynbou chemikalië en gifstowwe, die onoordeelkundige loslaat van water uit damme tydens die broeiseisoen van visse en onwettige visvang metodes.

As gevolg van die water habitat (riviere, damme, spruite) waarin visse voorkom, is dit gewoonlik bykans onmoontlik om enige iets te doen as visse begin vrek, byvoorbeeld as daar ‘n baie groot parasiet uitbraak is gaan dit onmoontlik wees om al die visse te behandel as gevolg van die grootte van die dam/rivier en die ongelooflike hoë koste van enige moontlike behandeling. Dit is ook onmoontlik om enige iets aan ‘n skielike klimaat en weer veranderinge te doen want mense het nie beheer daarvoor nie. Die instel van beheermaatreëls waar visvrektes deur menslike toedoen veroorsaak is, byvoorbeeld die herstel van rioolplase en die stop van storting van rou riool, gifstowwe en chemikalië in die water, is baie keer heeltemal te laat en mense raak eers van die omvang van die probleem bewus as alle vissoorte van alle groottes in ‘n sisteem in hul duisendtalle begin vrek en die habitat totaal vergiftig en besoedel is.

Om die vrektes van visse as gevolg van skielike temperatuurveranderinge te verstaan, moet die volgende in gedagte gehou word. Visse is “koudbloedige” diere en hulle liggaamstemperatuur varieer met die van die omgewing (water) waarin hulle verkeer. Visse se liggaamstemperatuur, hul metaboliese tempo, lewensiklus en voortplanting prosesse word grootliks deur die watertemperatuur beïnvloed. In vergelyking met lug, absorbeer water hitte stadiger en stel water hitte stadiger vry en daarom vind temperatuurkommeling baie stadiger in water plaas as in lug. Die meeste vissoorte het ‘n optimale temperatuur en temperatuurreeks waarbinne dit kan leef en oorleef en dit speel ‘n bepalende rol oor waar visse ook in die wêreld voorkom. Visse is daarom baie gevoelig as die watertemperatuur skielik en baie vinnig daal en koud word. Die van julle wat al tropiese visse aangehou het, sal weet jy moet ‘n waterverwarmer in jou

akwarium hê en as jy nuwe visse by die troeteldierwinkel gaan koop, moet die plastieksak met visse eers vir 'n uur of so in die water van die akwarium geplaas word voordat die visse vrygelaat kan word om te verseker hulle vrek nie van 'n temperatuurskok van koeler water in die sak tot die warmer water in die akwarium nie.

Om die presiese fisiologiese, metaboliese en chemiese prosesse wat gekoppel is aan die “koue-skok” vrektes van visse te verduidelik, is redelik ingewikkeld en kompleks en baie navorsing daarvoor moet nog gedoen word.

Tydens van die ondersoeke van visvrektes verlede jaar was dit opmerklik dat in die meeste gevalle net sekere ouderdomsgroepe van hoofsaaklik Moggels en Onderbekke as gevolg van skielike temperatuurveranderinge gevrek het. By 'n plaasdam naby Excelsior het honderde Moggels van tussen 10 tot 17cm gevrek en geen ander visse van dieselfde soort of ander vissoorte nie. In die Warden distrik en spruite in die Oos Vrystaat is slegs dooie Moggels van tussen 30 tot 40cm gevind maar geen ander groottes of ander vissoorte nie. By die Wolwas en Rietfonteinendam by Winburg was die dooie Moggels wat gevind is, tussen 12 tot 35cm en die dooie Onderbekke tussen 25 tot 35cm lank. By al die lokaliteite waar ondersoeke gedoen is, was daar ander vissoorte soos Kleinbekgeelvisse, karpe en babers in die damme en spruite teenwoordig, wat nie gevrek het nie.

So as visvrektes voorkom, wat staan jou te doen – hier is 'n paar riglyne:

1. Indien grootskaalse visvrektes voorkom, met ander woorde duisende dooie visse van alle soorte en alle groottes, kontak **onmiddellik** die naaste kantoor van die Departement van Waterwese of Omgewingsake en verskaf die nodige inligting soos wat versoek word. (*Sien die kontaknommers bo-aan bladsy 4*). Dit is baie belangrik om sulke gevalle onmiddellik aan te meld en nie weke na die visse begin vrek het en as die dooie visse al ontbind is of uitgedroog op die oewer lê nie.
2. Met ander gevalle van visvrektes en **indien moontlik voordat dit aangemeld** word, doen 'n ter plaaste ondersoek en teken die volgende inligting aan:
  - 2.1 Die presiese plek waar die dooie visse of visse wat doodgaan, gesien is.
  - 2.2 'n Beskrywing van die gebied/area, o.a. staande/vloeiende water.
  - 2.3 Die datum en tyd vandat die eerste visse begin doodgaan het.
  - 2.4 Die weersomstandighede van die vorige sewe dae – was daar enige buitengewone hitte of koue of 'n haelstorm of skielike temperatuur daling?
  - 2.5 Identifiseer die dooie visse.
  - 2.6 In 'n area van 100m langs die oewer van die dam/rivier, tel die getal dooie visse van elke vissoort en bepaal die lengte reeks (m.a.w. die kortste tot die langste dooie vis van elke soort).
  - 2.7 Is daar enige alg opbloeie in die water; watter kleur is die water; reuk van water?
  - 2.8 Is daar enige sigbare tekens van waterbesoedeling – riool, gifstowwe?
  - 2.9 Hoe lyk die visse wat doodgaan of reeds dood is – sere op hul lyf of enige parasiete?
  - 2.10 Hoe reageer die visse wat besig om dood te gaan – hap na lug bo oppervlak; swem vinnig rond en spring uit water: drom saam op een plek; ens.

Sodra bogenoemde inligting aangeteken is, kontak asseblief die naaste kantoor van die Departement van Waterwese of Omgewingsake wat dan die omvang van die probleem sal vasstel en verdere ondersoeke sal doen indien nodig.